

# LJ, Irvette saam by 2de Spele

## Wilhelm de Swardt


LJ en Irvette van Zyl sal in Augustus in Rio iets regkry wat geen ander egpaar nog vermag het nie en dit is om Suid-Afrika saam op twee Olimpiese Speles te verteenwoordig.

Albei was op die 2012-Olimpiese Spele in Londen in aksie. Die groot verskil dié keer is dat hulle Suid-Afrika as 'n egpaar gaan verteenwoordig. In 2012 het hulle voor die Spele verloop geraak en net ná die Spele getrou.

Die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (Saskok) het verlede week aangekondig dat Irvette deel is van die Olimpiese marathon-span. Dit is feitlik 'n uitgemaakte saak dat LJ Suid-Afrika in die 400 m-hekkies sal verteenwoordig. Hy is die Suid-Afrikaanse kampioen. Sy wentyd van 48,67 s op die Diamantliga in Ostrava is sover die derde vinnigste van die seisoen.

Volgens LJ het hy al baie hoogtepunte in sy atletiekloopbaan beleef en hy glo hy sal nog baie beleef, "maar ek dink nie daar kan iets meer spesiaal wees as om Suid-Afrika op die Olimpiese Spele te verteenwoordig saam met die vrou vir wie jy lief is nie," het die Tuks/HPC-atleet gesê.

"Om jou land by 'n Spele te



kiespelers Craig en Natalie Fulton die eerste. Die egpaar Mike en Elvira Wood was lid van die skermspan wat in 2008 aan die Spele in Beijing deelgeneem het.

Die atlete Mathew Quinn (100 m) en Heide Seyerling (200 m en 400 m) was in 2000 in Sydney amper die eerste egpaar. Albei het deelgeneem, maar hulle is eers in 2002 getroud.

Voorheen was daar natuurlik Gert en Renata Potgieter (née Junker).

Gert het Suid-Afrika in 1956 op die Spele in Melbourne verteenwoordig.

Hy het in die 440 m-hekkies geval. Renata het Duitsland in 1960 op die Spele in Rome verteenwoordig. Sy het vierde in die versprings geëindig.

Daphne Hasenjager het in 1948 en 1952 aan die Spele deelgeneem. Op die Spele in 1952 het sy die goue medalje in die 100 m gewen.

Haar man, Dennis, was 'n Springbok-atleet, maar was nooit op 'n Spele in aksie nie.

Daar wag 'n besige tydjie op LJ en Irvette. LJ vertrek aanstaande week na Oslo om aan die Diamantliga-byeenkoms deel te neem, terwyl Irvette die naeweek aan die Spar 10 km-vrouewedloop in Durban deelneem.

Die Nedbank-atleet het reeds die wedlope in Kaapstad en Port Elizabeth gewen.

**LJ en Irvette van Zyl met hul babaseuntjie, Louis. Die egpaar sal Suid-Afrika vanjaar op die Olimpiese Spele verteenwoordig.**

Foto: REG CALDECOTT

vertteenwoordig is iets wat jou altyd by bly. Oor 20 jaar sal ek en Irvette steeds kan terugdink aan wat hopelik baie besonderse oomblikke vir ons sal wees."

Dit sal die derde keer wees dat LJ aan die Spele deelneem.

Die eerste keer was in 2008. Hy was toe vyfde in die eindronde.

LJ en Irvette is slegs die derde Suid-Afrikaanse paartjie wat saam op 'n Spele in aksie gaan wees.

In 2004 in Athene was die hok-



**Dit sal die derde keer wees dat LJ aan die Spele deelneem.**